# DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS

Deur Ds. L. A. Pretorius*

## Inleiding

(a) *Belydenis van die Reformatoriese Kerk*

Deur die toedoen van groot reformatoriese persoonlikhede het die belydenis van die reformatoriese kerk tot stand gekom. Hulle het die belydenis daargestel alleen omdat hulle oortuig was dat dit konform die Skrif was. Nooit het die reformatore probeer om aan die outoritêre gesag van die Heilige Skrif afbreuk te doen deur die belydenis te verhef tot gelykstaande aan die Skrif nie. Die belydenisgeskrifte wat ontstaan het, was 'n antwoord op die leer van die Skrif, 'n antwoord aan God, 'n antwoord wat die kerk aan sigself gee en 'n antwoord aan die wêreld.[1] Die belydenis as weergawe van die Skrif spreek na wat God aan die mens as waarheid geopenbaar het. Dit kom tot uitdrukking in die Griekse woord homologia wat letterlik beteken: dieselfde sê; dieselfde sê as die Skrif.

Die belydenis is 'n homologia, maar die belydenis word ook „marturion" genoem, 'n getuienis van wat aan die mens deur God geopenbaar is in die Skrif. Die Kerk trag om dieselfde te sê en te getuig as die Skrif. Hierdie belydenis is gebore uit die lofprysing van die Kerk aan God omdat die Kerk aan die verlossing en die ewige lewe deel mag hê.[2] Die belydenis geskied in woorde. Die waarheid moet ook uitgespreek word. Die groot goddelike daad in die gawe van die Messias kan alleen in woorde uitgespreek word.[3]

Die belydenis as mensewoord is 'n weergawe van die Woord van God, maar speel sig nooit af buite die geloof van die gemeente nie. Die Woord van God maak uit wat daar in 'n belydenis sal kom, maar die Kerk staan daaragter. Calvyn het in sy voorrede vir die kategismus aan die dienaars van Christus in

---

* Verhandeling ingedien ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die B.D. graad aan die Universiteit Pretoria, onder leiding van dr. J. I. de Wet, November 1967.

1. Ds. H. Volten, Rondom het Belijden der kerk, bl. 186.
2. Herderlike Skrywe van die Generale Sinode van die Nederlandse Hervormde Kerk, 20 Junie 1961, Over de Belijdenis der kerk en Haar Handhaving, bl. 28.
3. Dr. A. D. R. Polman, Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis, Deel I, bl. 12.

Oos-Friesland opgemerk dat die plegtige belydenis van die geloof die beste middel is om die onderlinge eenheid van die geloof wat deur die apostel Paulus so kragtig aanbeveel word, te betuig en te bevestig. So moet daar publieke getuienisse bestaan waardeur Kerke wat ver van mekaar geleë is en wat 'n gemeenskaplike leer het, hulle eenheid kan bely. Net soos die belydenis die verbindende uitdrukking is van die gemeenskaplike geloof van die Kerk en daarom geen wet, geen voorskrif is nie, so is binding aan die belydenis geen juk, geen tirannie nie, maar in die grond niks anders as die belydenisdaad waardeur die mens as lewende lid van die kerk na vore tree.[4]

Dit gaan in die Kerk om die Gees van die geloof wat ons toespreek in Psalm 116 en II Korinthiërs 4 en in die hele Skrif. Hierdie Gees leer ons spreek en dwing ons tot spreek in die taal van die geloof. Maar hoe sal daar gespreek kan word as ons Gods Woord nie gehoor het of reg verstaan het nie. Daarvoor is oefening nodig vir al die lede van die Kerk. As daar nie meer aangedring word op kennis aangaande die heilswaarhede nie word die „credo" hol en leeg.

Wat is nodig vir 'n Christen om te glo? Alles wat vir ons in die Evangelie beloof word! Dit is nou hier waar die belydenis van die Kerk probeer om die volle waarheid aan ons voor te hou deurdat dit die waarheid in sy volledigheid trag na te gaan en sig nie tevrede stel met stukkies of dele van die waarheid nie. Nie dat dit ooit die volle waarheid kan omvat en tot uitdrukking kan bring nie, maar daarop moet dit gerig wees.[5]

Die waarheid van God in die Skrif geopenbaar, word deur die Kerk uitgespreek en bely in sy dogma. Hierdie dogma of leer van die kerk het in 'n mate deur die jare by die lidmate van die kerk tot sy reg gekom, deurdat die Heidelbergse Kategismus nog aan lidmate geleer en uitgelê is, binne en buite die erediens van die gemeente. Dit geskied vandag nog deur die prediking van hierdie Kategismus. Die prediking in die erediens is gerigte prediking. „Dit wil sê dit staan primêr onder die rigting wat die Skrif aantoon en sekondêr onder die rigting wat dogma en belydenis aantoon. Hierdie sekondêre rigting het geen ander doel as om op die eerste alle nadruk te lê en bedoel in wese geen ander rigting."[6] K. Barth het dan ook die belydenis as 'n kommentaar op die Skrif gesien.

---

4. A. D. R. Polman, a.w., bl. 69.
5. **Herderlike Skrywe van die Generale Sinode van die Nederlandse Hervormde Kerk,** a.w., bl. 11.
6. Dr. J. Stam, **Rondom de Preek,** 1946, bls. 38-41.

Die belydenisgeskrifte is deur die jare soms erg verkeerd deur lidmate verstaan. Wanneer oor die belydenis van die Kerk gepraat word, is dit of so 'n lidmaat 'n terughoudentheid openbaar. Dit is dan ook hier waar die sektewese die Kerk erg aanval, aangesien, volgens hulle, die Kerk die belydenisgeskrifte verhef het tot Heilige Skrif. In 'n paar kort puntjies is probeer om aan te toon wat die belydenis van die Kerk beteken en geld dit as kort inleiding op die Heidelbergse Kategismus wat trag om die belydenis van die Kerk by die lidmate tuis te bring.

(b) *Die Bekendstelling van die Belydenis*

Dikwels word deur lidmate gekla dat hulle hul verveel in 'n erediens. Die prediking van die Heidelbergse Kategismus moet dit dan ook in hierdie opsig die meeste ontgeld. Dr. A. F. N. Lekkerkerker vra in hierdie verband of die oorsaak nie miskien daarin geleë is dat daar geen „substansie" in die geloof van die gemeente is nie, omdat hulle nie meer verstaan wat hulle glo nie en daarom ook weerloos is in die verantwoording teenoor buitestaanders. „Het ontbreken van ‚substantie' is wellicht het meest verontrustende verschijnsel in de geestelijke gesteldheid van de gemeente."[7]

Die Protestantse Kerk het, hetsy in 'n mindere of meerdere mate, getrag om deur onderwysing en leer die strewe van die gemeente daartoe te bring dat hulle verstaan wat hulle glo. Uitleg van die Skrifte in die gewone eredienste is noodsaaklik, maar wat die gemeente net so nodig het is 'n voller verstaan van die heilswaarheid. Die groot gevaar wat vandag dreig is nie soseer ketterye nie, dit ook, maar wel onbenullighede wat sig met enkele krete en leuses tevrede stel.[8] Wat betref die bekendstelling van die heilswaarheid soos ons dit in die Skrif aantref het die Heidelbergse Kategismus heilsame werk gedoen deurdat nie net die jeug nie maar heel die gemeente kategeties onderlê is. Deur die leerdiens van die Heidelbergse Kategismus is katkisasie en preek gekoördineer. Op hierdie wyse word die predikant nie net in sy werk gehelp nie, maar word duidelik, verstaanbaar en sakelik kategetiese leerstof in die gemeente gebring.[9] So eindig die kategetiese sorg van die kerk vir al sy lede nie na openbare belydenis van geloof nie, en dit danksy die bekendstelling van die belydenis deur die Kategismusprediking.

Die Kategismusprediking moet egter nie alleen hierdie bekendstelling teweeg bring nie, maar alle prediking moet met

7. Dr. A. F. N. Lekkerkerker, **Gesprekken over de Heidelberger,** bl. 172.
8. Dr. A. F. N. Lekkerkerker, a.w., bl. 171.
9. Dr. S. F. H. J. Berkelbach van der Sprenkel, **Catechetiek,** bl. 362.

die belydenis van die kerk ooreenstem. Hierdie gebondenheid aan belydenis doen geen tekort aan die vryheid van die Gees nie. Hierdie vryheid is die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, want hierdie vryheid is die hoogste gebondenheid aan die Woord en aan die konfessie wat volgens Gods Woord is. Dit blyk wanneer in die Kategismusprediking die belydenis van die kerk verklaar word, want dan word die rykdom en skoonheid van die gemeente uitgestal, nie met uiterlike dwang nie, maar met innerlike gebondenheid wat 'n vraag van die Heilige Gees is, wat ook die kerk in alle waarheid wil lei.[10]

Jammer is dit dat die jeug van ons kerk so maklik belydende lidmaat van die kerk word. Die kerkwet van die Ned. Herv. Kerk bepaal dat wat die onderrig van die kinders van die gemeente betref, hulle geskoold moet wees in die Bybelse Geskiedenis, die leerboek van die kerk waaronder ons die Kortbegrip kan verstaan, en dan ook die Kerkgeskiedenis.[11]

Voornemende lidmate van die kerk bekom die feite soos in die Kortbegrip saamgevat in 'n kort tydjie om nadat hulle geloofsbelydenis afgelê het, dit net so gou te vergeet. Wie in hierdie begin-stadium van onderrig nie vertroud raak met die leer van die kerk nie, vir hom hou die Kategismusprediking as voortsetting van kategetiese onderrig nie veel in nie. Hierby moet nog bedink word dat die Kategismusprediking erg verwaarloos word en nie tot sy volle reg kom nie.

In hierdie verband kan gewys word op die veelvuldige gebruik van die kategismus in die Calvinistiese kerke van ouds:

(1) Elke Sondag is uit die 4 dele waaruit die Kategismus bestaan gelees sodat dit eenmaal al om die 9 Sondae deurgelees is.

(2) Op skool moes die kinders een Sondags-afdeling per week deurwerk sodat dit eenmaal per jaar deurgewerk word.

(3) Eenmaal per Sondag en wel in die middag is daar in die erediens oor 'n Sondagsafdeling gepreek en is die Kategismus dan ook eenmaal per jaar deurgepreek. Na die diens het die leraar van die kansel afgekom en die ouers gevra om die Sondagsafdeling op te sê waarna die kinders die Skriftuurplekke moes aandui.

(4) Tuis moes die ouers ook aan die kinders die Kategismus verduidelik.

---

10. Dr. K. Dijk, **Dienst der Prediking,** bl. 111.
11. **Kerkwet Ned. Herv. Kerk van Afrika,** Artikel 7.

Hierdie gebruik is ook later in Nederland hoewel nie op dieselfde wyse nie oorgeneem. Die Dordtse Sinode het dan ook die „namiddagsche predikatie" d.w.s. die verkondiging van die Woord in die middagkerk vir die uitleg van die „Somma der Christelijke leer" in die Kategismus vervat, in Art. 68 Dordtse Kerkorde voorgeskryf en het ook predikante wat nalatig hierin was gedreig met „Zware kerkelijke censuur."[12]

Hieruit kan ons sien hoe die kerk van vandag in gebreke gebly het in die bekendstelling van die belydenis aan die lidmaat van die kerk. Hieroor sal die kerk weer opnuut moet besin.

## Die Heidelbergse Kategismus

### (a) *Kort Inleiding op die Heidelbergse Kategismus*

Die woord „kategismus" kom uit die Grieks en beteken „onderwysing". Hierdie „onderwysing" in die Christelike leer het nie eers begin met die Heidelbergse Kategismus nie, maar die Kategismuspreek was, as protestantse verskynsel, reeds lank voor die Heidelbergse Kategismus 'n normale verskynsel.[13] Verskeie tipes van gereformeerde kategismusse was in omloop soos bv. die Geneefse kategismus, die Zürichse kategismusse en ook die kategismusse van die vlugtelingkerk in London wat 'n groot rol gespeel het by die totstandkoming van die Heidelbergse Kategismus. In die Lutherse kerke was vroeg sprake van onderwysing van die Christelike leer. So het die Wittenbergse kerkorde van 1533 bepaal dat 'n priester of 'n „diacon" oor die kategismus sal preek.

### (b) *Die Wordingsjare van die Heidelbergse Kategismus*

Na die kerk 'n groot hervorming in Europa beleef het, was die Bybel nie meer 'n onbekende boek vir die volke nie, alhoewel van Roomse kant nog dreigemente gekom het oor die lees van die Heilige Skrif. In die jaar 1560, ongeveer veertig jaar na die begin van die hervorming, in Duitsland (ook in Heidelberg) was dit vir niemand meer onmoontlik om die Skrif te leer ken nie. In hierdie tyd het die keurvors Frederik III of Frederik die Vrome van die Palz sterk op die voorgrond getree. Hy sowel as sy voorgangers het simpatiek gestaan teenoor die Hervorming.

---

12. „Handboek voor de Prediking" onder Redaksie van prof. dr. S. F. H. J. Berkelbach van der Sprenkel, Deel II, bl. 292: De Prediking als Catechismusprediking, deur prof. dr. Th. L. Haitjema.
13. Idem, bl. 287.

Toe Frederik in 1559 keurvors geword het, het hy gevind dat sy „volk sonder 'n kategismus onder die pousdom opgegroei het". Hy het gesien wat in die onderwys in kerk en skole ontbreek. Hiervan het hy getuienisse in sy voorrede op die eerste uitgawe van die Heidelbergse Kategismus gegee.[14] Hy het bevind dat die jeug oral op 'n slegte wyse, nie volgens 'n vaste, stellige en eensluidende kategismus opgelei is nie, maar volgens die plan en volgens die goeddunke van elkeen afsonderlik. So het die jeug verval in allerhande verkeerdhede en was sonder die kennis van die Woord van God. Daarom was die doel wat Frederik III voor oë gehad het die noodsaaklike verbetering van die toestand. Sy leuse was om nie net sy onderdane in die dinge van die tydelike welvaart te lei nie, maar ook om „met ongespaarde ywer hulle tot die ewige welvaart te voer en, soveel as dit aan my lê, daarby te bewaar."[15]

Die toedrag van sake het Frederik die Vrome laat besluit om 'n kategismus op te stel wat moes dien as „'n gewisse en bestendige vorm en maatstaf" sodat 'n „korrektheid en gelykvormigheid" sou volg asook „ons liewe onderdane tot gelykheid in die christelike leer en ook in die uiterlike seremonies en tot die regte kennis van Gods Woord en Wil gevoer sal word in 'n weg wat in die Heilige Skrif gegrond is."[16]

Keurvors Frederik het toe uit sy teologiese fakulteit studente en superintendente byeengeroep om 'n onderrig of Kategismus van die Christelike Godsdiens uit Gods Woord in Duits en Latyn op te stel. Die groot werk wat hier gedoen is, het geskied in die jaar 1562 deur persone soos Zacharias Ursinus en Casper Olevianus. Ursinus, hoogleraar in dogmatiek, het spoedig 'n konsep opgestel. Hy kon dit doen want hy was dogmatikus en het geen gebrek aan voorgangers gehad nie.[17] Voor hom het gelê die Loci van Melanchton, die kategismus van Genéve, die Zürichse leerboekies waaraan name van Leo Judae en Bullinger verbonde is; ook werke van J. a'Lasco en Marten Micron van die vlugtelinggemeente uit London. Ook was daar die Emdense kategismus, waarskynlik ook van a'Lasco. Die belangrikste bron waaruit hy geput het was die twee kategismusse wat hyself op papier opgestel het naamlik sy Groot en Klein kategismus. Dit is beweer dat Olevianus 'n konsep kategismus opgestel het, maar dit was veral die twee werke van Ursinus waaruit die Heidelbergse

14. W. Niesel, **Bekenntnisschriften und Kirchenordnungen**, bl. 138.
15. **Almanak van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika**, Artikel van prof. dr. B. J. Engelbracht oor die Heidelbergse Kategismus, bl. 47.
16. Idem, bl. 47.
17. Theleman-Barger, **De Heidelbergsche Catechismus**, Inleiding, bl. 19.

Kategismus saamgestel is. Weliswaar was daar ook ander geleerdes wat 'n minder of meerdere belangrike rol gespeel het.

Ursinus het van die bronne gebruik gemaak, altyd weer toetsende aan die Heilige Skrif.[18] Sy eerste konsep het 324 vrae bevat. Dit is verwerp om verskeie redes. Sy tweede konsep het 108 vrae bevat. Volgens Barger-Thelemann is dit nie aan ons kien is dit vermeerder deur bydraes van ander persone soos Olevianus. Frederik het dit nie sondermeer goedgekeur nie en op sommige punte eiehandig verbeter. Die Heidelbergse Sinode het tydens 'n nagmaal saamgekom, agt dae vergader, 'n klein verandering aan vraag 79 aangebring en toe dit op een na aangeneem, bewillig en onderteken.

(c) *Verbreiding*

Die oorspronklike Duitse teks van die Heidelbergse Kategismus, is volgens Dr. Lekkerkerker in 32 tale en dialekte vertaal.[19] Dit is aanvanklik verbrei na lande soos Switserland, Frankryk, Engeland, Skotland en veral Nederland wat op sy beurt baie gedoen het vir die verbreiding van die Heidelbergse Kategismus na ander lande. Ons vind ook vertalings in tale soos Hongaars, Latyns, oud- en nuwe-Grieks asook selfs in Hebreeus.

Die werk wat deur die Nederlanders gedoen is, is grootliks daaraan te danke dat die Heidelbergse Kategismus so 'n groot invloed op Nederland uitgeoefen het. Reeds in 1563 het Petrus Datheen die Heidelbergse Kategismus in Nederlands vertaal en dit laat opneem agter in sy Psalmboek.[20] Die Nederlandse Gereformeerde Kerk van Frankenthal was die eerste gemeente om dit in te voer en te gebruik. Reeds met die konvent van Wezel (1568) is daarvan uitgegaan dat die Heidelbergse Kategismus as formulier van enigheid deur alle kerke erken is. Die sinode van Emden (1571) het die uitsprake van Wezel bevestig, maar die verskillende kerke was nog nie gedwing om die Heidelbergse Kategismus te gebruik nie, want die kategismus van Genéve het ook nog aandag geniet. Langsamerhand het die Heidelbergse Kategismus die Kategismus van Genéve verdring en op die volgende sinode te Dordtrecht (1574) is bepaal dat daar maar een kategismus sal wees naamlik die Heidelbergse Kategismus. Hierdie Kategismus sal nou openlik geleer word (Artikel 2). Die eerste vraag op hierdie nasionale Sinode handel oor die „goeie

---

18. Idem, Inleiding, bl. 22.
19. Dr. A. F. N. Lekkerkerker, a.w., bl. 19.
20. **Handboek voor de Prediking** II, bl. 288.

homilia's op die Kategismus" en hierdie vraag is so beantwoord dat die dienaars voortaan preke moes maak om mekaar daarin te oefen en te onderrig.[21]

Die sinodes van Dordtrecht (1578), Middelburg (1581), Den Haag (1586) het ook in die voetspore van die vorige sinodebesluite gevolg. Die sinode van Dordtrecht 1618/1619 het aldus besluit: De Dienaars Zullen alomme des Zondags ordinaarlijk in de namiddagsche predikatiën, de somma der Christelijke leer, in den Catechismus, die tegenwoordig in die Nederlandsche Kerken aangenomen is, vervat, kortelijk uitleggen, alzoo dat dezelve, zoveel mogelijk jaarliks mag geëindig worden, volgens de afdeeling des Catechismus 'zelven daarop gemaakt (Art. 68).

Die funksie van die Heidelbergse Kategismus as formulier van enigheid is in Dordtrecht ten volle gehandhaaf. So moes ampsdraers, hoogleraars, rektore, onderwysers dit onderteken. Van verskeie kante het teen hierdie ondertekening besware gekom, veral vanaf sommige predikante wat nie geneë was om daaroor te preek nie. Die Remonstrante was dan ook aan die spits van die aanval wat veral teen die inhoud van die Heidelberger gerig was.[22] Verder het die beswaar na vore gekom of 'n mens jou wel kan bind aan 'n belydenisgeskrif. Hierdie besware is egter van die hand gewys en die Heidelberger het meer en meer ingang gevind onder lidmate van die kerk.

Via Nederland het lande soos Suid-Afrika en Indonesië dan ook later die Heidelbergse Kategismus bekom en is dit in die Kerk in gebruik geneem.

(d) *Die Kategismusprediking in die verlede*

Soos reeds gestel is, was die kategismusuitleg vroeg in gebruik gewees en wel in verskillende vorme. Ons sien dat reeds in 1532 die „Prädicantenordnung" vir Zürich deur Bullinger en Leo Judae opgestel, die voorskrif bevat dat die platteland elke Sondag om drie-uur 'n godsdiensoefening moes hou waarin „meerteils Catechismus" behandel sou word.[23]

Die behandeling van die Christelike leer naamlik die Apostoliese geloofsbelydenis, gebed, gebod en die sakramente in die godsdiensoefening op Sondag middae sien ons ook in die Lutherse Protestantisme. Die kerkorde van Wittenberg bepaal in 1533 byvoorbeeld: „Des Sontags frue sol ein Priester oder Diacon

---

21. Dr. K. Dijk, a.w., bl. 407.
22. Dr. A. F. N. Lekkerkerker, a.w., bl. 132.
23. M. A. Goozen, **De Heidelbergsche Catechismus**, bl. 34.

aus dem Catechismo predigen, und wenn der Catechismus aus ist, denselben widerumb anfahen."

Aanvanklik is hoofstukke van die Christelike geloof uitgelê sonder dat 'n min of meer offisiële handleiding gebruik is, want eers later het kategismusse op die terrein van die Gereformeerde Protestantisme ontstaan.[24] Uit sommige van die kategismusse het dan soos gestel is, die Heidelbergse Kategismus ontstaan.

Aanvanklik was die vrae en antwoorde van die kategismusse so opgestel dat dit deurlopend was en nie opgedeel in Sondagsafdelings nie. Hierdie ontwerp van die kategismusse dui daarop dat dit hoofsaaklik vir die godsdiensonderwys gebruik is en nie soseer op die eintlike prediking as verkondiging van die Woord aan die gemeente nie. Die grense tussen katkisasie en kategismusprediking was op Protestantse terrein aanvanklik vloeiend. Die predikant moes duidelik en verstaanbaar die Christelike belydenis aan die gemeente verduidelik voordat die leerlinge die vrae en antwoorde wat behandel is, herhaal het. Dit het so geskied dat die Kategismus eenmaal per jaar deurgepreek en behandel is.[25]

Dit is dan ook die rede waarom die Heidelbergse Kategismus in die Paltsiese kerkorde van 1563 in 52 sondagsafdelings verdeel is, want deur een sondagsafdeling per Sondag te behandel, is dit eenmaal per jaar deurgewerk.

Maar soos ons alreeds daarop gewys het, moes die predikant ook die Kategismus duidelik en verstaanbaar voor die preek in die oggend aan die gemeente voorlees sodat dit in nege eredienste deurgelees is.

Eers later is die katkisasie en die kategismuspreek in die gemeente geskei en het beide 'n selfstandige karakter gekry.[26]

Dit was veral die Gereformeerde Protestantisme wat die skerp onderskeid tussen katkisasie en kategismuspreek bewerkstellig het. By die Lutheranisme het die kategismuspreek heeltemal verdwyn omdat die gehele kategismusgodsdiensoefening nie langer in die katkisasie kon opgaan nie. Hierbenewens is die stof vir die prediking volgens die kerklike jaar op die Sondag nadrukliker bepaal.[27]

---

24. **Voor de Prediking** II, bl. 288.
25. Dr. A. L. Richter, **Die Evangelische Kirchenordnungen des Sechzehnten Jahrhunderts,** Band II, bls. 260, 261.
26. Dr. K. Dijk, a.w., bl. 408.
27. **Voor de Prediking II,** bl. 290.

Tussen 1586 en 1619 kry ons die Remonstrantse twiste waartydens teen die konfessies en die Heidelbergse Kategismus te velde getrek is. Dit is die tyd waarin Hermannus Herbertz te Gouda die Kategismus nie wou preek nie omdat dit, volgens hom, gelyk gestel is met Gods eie Woord.[28]

Maar dit is nie al besware wat teen die prediking van die Kategismus ingebring is nie. Ons kry talle besware soos byvoorbeeld nie net teen die vorm nie, maar ook teen die inhoud van die Heidelbergse Kategismus. Selfs vandag kom ook besware. Dr. Lekkerkerker voel byvoorbeeld sterk vir 'n nuwe kategismus, want hy het veral besware teen sekere sondagsafdelings soos byvoorbeeld teen Sondagsafdeling 40.[29]

Nieteenstaande die besware en teenkanting wat die Kategismusprediking in die beginjare ondervind het, het dit na die Dordtse Sinode van 1618/19 van krag tot krag gegaan. Die Sinode het naamlik bepaal dat gedurende die middagdiens „die hoofsom van die Christelike leer kortliks uitgelê moet word" sodat dit minstens eenmaal per jaar deurgepreek moet word.

Die preek in die Nederlands Hervormde Kerk is in die middagdiens gehandhaaf in en na 1816. Na 1863 is die predikante vrygelaat om „Zowel bij de leiding der openbare godsdienstoefeningen in het algemeen als in het bizonder met betrekking tot het gebruik van de Heidelbergse Catechismus na eie oordeel te rade zullen gaan met de godsdienstige behoeften der gemeente."[30] Dit het meegebring dat tot vandag toe in die Hervormde kerke van Nederland die kategismusprediking onreëlmatig plaasvind en in sommige gevalle glad nie gepreek word nie.

(e) *Die Kategismusprediking vandag*

In die kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk word bepaal dat die Heidelbergse Kategismus minstens twaalf maal per jaar in die lig van die Woord van God uitgelê moet word.[31] Nou verskil predikante oor die manier van uitleg van die Kategismus. Sommige wil die Heidelbergse Kategismus aan die hand van 'n teks of perikoop behandel en terselfdertyd wil hulle ook reg aan die teks laat geskied terwyl andere wel 'n bypassende gedeelte uit die Skrif lees, maar suiwer die Heidelbergse Kategismus preek.

---

28. Dr. J. Reitsma en dr. S. D. van Veen, **Acta der Provinciale en Particuliere Synoden,** Deel III, bls. 34, 35, 84, 85.
29. Dr. A. F. N. Lekkerkerker, a.w., bl. 152.
30. Dr. K. Dijk, a.w., bl. 408.
31. **Wet en Bepalings van die Nederduitsch Hervormde Kerk,** Artikel XII.

Om die Heidelbergse Kategismus aan die hand van 'n teks te preek, bly blykbaar 'n moeilike saak want om aan beide die teks en die Kategismus reg te laat geskied is nie 'n maklike taak nie. Vanweë die omvang van begrippe in die Sondagsafdeling wat 'n wye veld uit die Skrif dek en nie net op een enkele teks gegrond is nie, bly dit moeilik om alles in die Kategismus uit te lê, sonder om aan die teks te kort te doen. Dit lyk na die beste proposisie om teksuitleg en kategismusuitleg van mekaar te hou. Hieroor is daar al baie gediskusseer en het beide metodes in die kategismuspredikiing tot vandag toe in ere gebly. Maar hieroor sal later uitvoeriger gehandel word.

Vandag is predikante nie net traag om die Kategismus te preek nie, maar kom daar ook besware teen die prediking van die Heidelbergse Kategismus soos wat dit nou daar uitsien en word pleidooie vir 'n nuwe Kategismus gemaak. So kry ons besware uit Nederland onder andere deur dr. A. F. N. Lekkerkerker wat beweer dat die Heidelberger sekere aktuele sake van vandag nie aanroer nie. Volgens hom swyg die Heidelberger byvoorbeeld oor die kommunisme; oor rassekwessies, asook oor oorlogvraagstukke ens.[32] Met die vierhonderdjarige bestaan van die Heidelbergse Kategismus het stemme opgegaan dat die Heidelberger verouderd is. So is deur F. L. Bos gestel: „Het wordt nu toch eindelijk wel tijd, dat het heidelbergse leerboek met emeritaat gaat".[33]

Hierteenoor stel dr. D. Deddens by die herdenking aan die Heidelbergse Kategismus dat hy liewer in hierdie dae wil dink aan die Heidelberger as „een springlevend boekje van vierhonderd jaar".[34]

Tog word die Heidelberger vandag na vierhonderd jaar nog gepreek. Omdat die suiwer-reformatoriese leer en belydenis nie met die skool van die kategese afgehandel is nie, maar dat hierdie onderrig voortgesit word in die liturgie, naamlik in die kategismusprediking, is hierdie prediking volgens prof. B. J. Engelbrecht net so noodsaaklik as in die tyd van die Kerkhervorming en in die tyd van Dordt.[35]

---

32. Dr. A. F. N. Lekkerkerker, a.w., bl. 152.

33. F. L. Bos, **„Een wonderbaarlijk Jubileum"** in: „Eenigheid des Geloofs", 17e Jaargang, Nr. 7.

34. Dr. D. Deddens, **De Heidelbergse Catechismus in de loop van vier eeuwen,** De Heidelbergse Catechismus herdacht in een landelijke samenkomst op 19 Januarie 1963 te Amersfoort, bl. 37.

35. **Almanak van die Nederduitsch Hervormde Kerk,** Artikel van prof. B. J. Engelbrecht oor die Heidelbergse Kategismus, bl. 41.

*Voorlopige Konklusie*

Om reg te laat geskied aan ons suiwer-reformatoriese leer en belydenis sal daar meer uit die Heidelbergse Kategismus gepreek moet word. Die lidmaat bly in 'n tyd van baie geestesstrominge onkundig in die leer van sy Kerk en kan hom teen hierdie strominge nie verweer nie. Ywer om van die leer van die kerk meer en meer te wete te kom, sal by die lidmaat gekweek moet word.

## Prinsipiële Gronde vir Kategismusprediking

(a) *Inleiding*

Verskeie geleerdes het in die laaste tyd merkwaardig belangstelling vir kategismusprediking getoon en ook sterk pleidooie daarvoor gelewer. Trillhaas het in sy **„Evangelische Predigtlehre"** gepleit dat: „sie soll . . . wieder heimisch werden."[36] In die **„Handboek voor de Prediking"** het prof. Haitjema aandag aan die prediking as kategismusprediking gegee. Dr. T. Hoekstra wys daarop dat hierdie prediking bediening van die Woord van God bly en nie 'n skoolse uiteensetting is nie, maar „aanspraak, getuigenis" is omdat die „Heidelberger zulk een uitgesproken practisch karakter heeft".[37] So het daar van verskeie oorde pleidooie vir die behoud van kategismusprediking gekom omdat die skrywers oortuig was dat hierdie prediking bediening van die Woord is.

(b) *Kategismusprediking as Bediening van die Goddelike Woord*

Wanneer ons van kategismusprediking praat as diens van die Woord dan moet daarby nie gedink word dat ons die belydende woord van die Kategismus op een lyn stel met die Skrifwoord of dit selfs tot norm van die Skrifwoorde gaan maak nie. Belydeniswoord is verwant aan die Skrifwoord omdat dit daaruit geput is en dikwels net 'n herhaling daarvan is. Artikel 7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis moet in die kategismusprediking in gedagte gehou word en moet altyd deur die luisteraars duidelik verstaan word dat „geen geskrifte van mense, hoe heilig hulle ook al gewees het, mag met die goddelike Skrifte gelykgestel word nie . . ." Prof. B. J. Engelbrecht stel duidelik: „Nie die Kategismus nie, maar Gods Woord is die enigste bron, norm en binding van alle eg-reformatoriese prediking. Die moeilikheid is egter dat dit so maklik kan gebeur dat Gods Woord

---

36. Dr. W. Trilhaas, **„Evangelische Predigtlehre"**, bl. 73.
37. Dr. T. Hoekstra, **„Gereformeerde Homiletiek"**, bl. 30.

in die prediking net die kapstok kan word waaraan die prediker sy eie lieflingsgedagtes, belewenisse en wysbegeerte kan ophang. Nou lê die groot waarde van die binding van die prediking aan die Kategismus juis daarin, dat dit prediker en gemeente dwing tot binding aan die enigste bron en norm van alle ware prediking naamlik Gods Woord.[38]

Dr. B. Wielenga wys op die Skriftuurlike karakter van die Kategismus, nie net alleen wat die letter betref nie, maar ook wat die gees van die Kategismus betref : „alle litteratuur is soos gras, en die heerlikheid van die litteratuur soos 'n blom van die gras, maar die Woord van die Here bly in ewigheid, en dit is die woord wat in die Kategismus soos nêrens in die simbole verkondig word nie".[39] Tereg merk Wielenga op dat by elke reël van die Sondagsafdelings die doel van die opstellers duidelik deurskemer, naamlik dat dit bediening van die Woord aan die gemeente is. Ter stawing van die Skriftuurlikheid van 'n Sondagsafdeling kan ons byvoorbeeld Sondag I neem waar die volgende tekste in aanmerking geneem is :

Rom. 14 : 7, 8; 8 : 28; 8 : 16; 18 : 14;
I Kor. 3 : 23; 6 : 19;
II Kor. 1 : 20-22;
I Petr. 1 : 18, 19;
I Joh. 1 : 7; 2 : 2; 3 : 8;
Efese 1 : 13;
Joh. 6 : 39;
Luk. 21 : 18;
Math. 10 : 29-31; ens.[40]

Met die groot getal bewysplekke van elke Sondagsafdeling in die Skrif het Keurvors Frederik gestel dat die Kategismus gewapen is teen alle verdenkings. Ons weet byvoorbeeld wie die Middelaar is, uit die Evangelie (Vraag 19); Nodig is dit om te glo wat vir ons in die Evangelie beloof is (Vraag 22); Ons noem die Vader, Seun en Heilige Gees God, omdat Hy Hom so in sy Woord geopenbaar het (Vraag 31); Die Seun vergader sy kerk deur Sy Gees en Woord (Vraag 54); Die Heilige Gees leer ons in die Evangelie (Vraag 67); Deur die prediking van die Heilige Evangelie word die hemelryk ontsluit en toegesluit (Vraag 84).

---

38. Prof. B. J. Engelbrecht, Artikel in die Almanak 1960, bl. 43.
39. Dr. B. Wielenga, **„Onze Catechismus".**
40. J. N. Bakhuizen van den Brink, **De Nederlandsche Belijdenisgeschriften,** bl. 149.

Hieruit sien ons dat daar geen ander bedoeling is as net die lewende verkondiging van die Woord van God nie. Omdat die Kategismus skriftuurlik gegrond is, kan ons nie sondermeer beweer dat die prediking daarvan ook skriftuurlik gegrond is nie. Die skriftuurlikheid moet blyk uit die inhoud en vorm van die onderwystaal self. Dit word bewerkstellig deur die Heilige Gees wat die mens in waarheid lei omdat Hy spreek uit die Waarheid.

Ons kan konkludeer dat die Kategismus mentor, wegwyser in die Skrif is. Hoe sterker die nadruk hierop val, te redeliker is die plig om met die vertolking en toeligting van die Skrif voort te gaan.[41] So is die verklaring van die Kategismus die opening van Gods Woord en is dit die middel om die Skrif self te laat spreek.[42] Aan die gemeente word die rykdom en skoonheid van sy eie besit uitgestal, „. . . en dit geestelijk bezit beheerst de prediking van het begin tot het eind, niet met uiterlijke dwang maar met die innerlijke gebondenheid, welke is een vrucht van de Heilige Geest, Die de kerk in alle waarheid leiden wil".

Prof. Haitjema skryf dat die waardering vir die dogma van die oud-Christelike kerk en die belydenisse van die reformasie van die 16de eeu as die spreekreël vir die verkondiging van Gods heilsboodskap en die beaming daarvan in die hede veel groter is as in die dae, waarin die hoogste godsdienstige wysheid in die leuse „niet de leer, maar de Heer!" gevind is.[43] Hy stel verder: „De bewoording van den Heidelbergse Catechismus zyn over het algemeen zóó dicht bij de Heilige Schrift gebleven, dat het voor een dienaar des Woords niet overdreven moeilijk zal zijn dit instrument van een kerkelijk leersymbool zóó te bespelen, dat de volle, diepe accoorden der Woord-verkondiging gaan klinken.[44]

(c) *Die opbou van die gemeente die doel van die prediking*

Beide kategese en die samekoms van die gemeente is oud en oorspronklik al het volgens Van der Sprenkel die kategese 'n arm tak van die gemeentelewe geword. Van der Sprenkel vra of die kategese nie primêr genoem moet word as die twee langs mekaar gestel word nie, want in die evangelie begin Jesus nie met die instelling van die Avondmaal nie, maar Hy eindig daarmee. „Eerst is Hij catecheet van Zijn discipelen, een rabbijn met zeer opmerklijke kwaliteiten". Christus leer sy mense „de Schriften", die Ou Testament, verstaan.[45] So kry ons in die

41. Dr. B. Wielenga, **Inleiding.**
42. Idem.
43. Prof. dr. T. H. L. Haitjema, **De Heidelbergse Catechismus,** bl. 14.
44. **Handboek voor de Prediking,** bl. 298.
45. Dr. S. F. H. J. Berkelbach van der Sprenkel, **Catechetiek,** bl. 360.

Nuwe Testament die eerste onderrig vir beginners, die kategese, waarvan ons 'n voorbeeld in Hebreërs 6 vind, en dan kry ons die diepere verstaan van die evangelie, 'n mededeling van die hoëre wysheid, wat genoem word die **didachè**, waarvan ons 'n voorbeeld in I Korinthiërs 10 : 1-5 en Hebreërs 7 vind. Die Heidelberger is eintlik beide, naamlik die eerste onderrig vir die beginners en 'n inleiding tot 'n diepere verstaan. Ds. Volten meen dat die pastoraal-kategetiese motief daartoe gedwing het dat hierdie leerboek wat vir die jeug opgestel is, tot belydenisgeskrif geword het. Die prediking van die Kategismus onderwys nou heel die gemeente in die Skrif. Die jeug is slegs pars pro toto vir heel die gemeente. Die hele gemeente moet onderlê word met kennis aangaande die Skrif en hierin probeer die prediking van die Kategismus die nodige doen. Elke prediking van die Kategismus het ten doel om die gemeente van die Here deur die bediening van die sleutelmag op te bou. Die prediking rig sig op die vermeerdering van kennis aangaande die Waarheid in heel die gemeente. Dit gaan om die Waarheid van God, om die Christelike leer, om die belydenis van die kerk. Hierdie prediking het ten doel om die heilsgeheime van Gods Waarheid te probeer ontsluit.[46]

Die mens kan hom verdiep in die hoofsake wat God in Sy Woord aan mense op die aarde geopenbaar het. Stuk vir stuk word in die prediking behandel wat daar vir en aan die mens gedoen is deur Jesus Christus die Seun van God wat die mens genadig wil wees. Die leerdiens kry daarom net so 'n duidelike weg en 'n vaste gang as die prediking volgens die kerklike jaar. Want dit gaan in hierdie prediking immers nie vir die gemeente om die interessantheid van die preek nie, maar om die gemeente kennis te laat bekom aangaande die Here Jesus Christus. Daarom word gevra 'n gereëlde orde van behandeling om tot kennis te kom.

As die wese van die kategismusprediking diens van die Woord is, dan mag die doel van die kategetiese predikasie nie anders omskryf word soos prof. Hoekstra in sy Homiletiek dit omskrywe het nie, naamlik die doel is die **oikodomè** van die gemeente. Ons lees in die Skrif: „Om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus" (Efesiërs 4 : 13). „De gemeente is een liggaam, dat door middel van de voeding met het Woord door het ambt tot volle ontwikkeling moet komen", aldus prof. Berkelbach Van der Sprenkel.[47]

---

46. Dr. K. Dijk, a.w., bl. 410
47. **Voor de Prediking,** bl. 300.

Terwyl die gemeente dan onderwys en geleer word, sal daarop gelet moet word dat ook die vermanende en vertroostende karakter wat die Kategismus dra, in die verkondiging, om die gemeente op te bou, nie ontbreek nie. Die kategismusprediking kom tot opbouing van die gemeente deur die gehele mens aan te spreek en op te roep in die verkondiging van die Woord van God in sy tweesydigheid naamlik as wet en as evangelie.

Deur die onderwysing en lering van die gemeente wat die kategismusprediking ten doel het, word dan nou die kennis van elke lidmaat aangaande die Waarheid uitgebrei en kan hul prediking eerder strek tot stigting van die gemeente van Christus op aarde as wat dit aan die gemeente kan afbreek.

**Vorm van Leerrede**

(a) *Inleiding*

Soos reeds daarop gewys is, is die Heidelberger 'n onderrig vir beginners en 'n inleiding tot die diepere verstaan van die Christelike leer. Die Heidelberger is egter nie 'n stuk abstrakte teologie, abstrakte polemiek of kerkpolitiek soos ons dit by ander belydenisskrifte mag aantref nie, maar dit is as 'n element van kerklike lewe aan te spreek.[48]

Op twee maniere kan ons groot lyne in die Heidelberger ontdek, wat die boek self formuleer met „ellende, verlossing, dankbaarheid". Die ander is die van „geloof, gebod, gebed." Hierdie twee dek mekaar nie; maar dit lê loodreg ten opsigte van mekaar. Die horisontale is die van geloof, gebod, gebed; maar hierdie lyn dui geen kronologiese volgorde aan nie, dit wys op wat in die Christen aanwesig is. Die vertikale is ook nie aanduiding van 'n kronologiese volgorde nie; ook hierdie drie is daar gelyktydig aanwesig in die Christen. Dit wys aan wat God met die mens besig is om te doen. Hy is besig om die ellendige, deur hom te verlos, dankbaar te maak. Deur hierdie gebeure tree die mens in geloofsverbondenheid met God, kry hy aanwysinge vir sy lewenswandel en tree hy in gebedsgesprek met God.[49]

Wanneer die Heidelberger nou met sy hoofsomme uitgelê word, moet in gedagte gehou word dat dit godsdiensoefening bly. Tereg het prof. Haitjema daarop gewys dat geen godsdiensoefening volgens reformatoriese opvatting reg en suiwer is sonder die uitleg en toepassing van die goddelike Woord nie. Daarom

48. Karl Barth, **Die Christliche Lehre Nach dem Heidelberger Katechismus**, bl. 16.
49. Dr. Berkelbach van der Sprenkel, a.w., bl. 302.

moet Kategismusprediking dan ook Woordverkondiging, preek wees, in die volle sin van die woord. Dit moet nie net onderwysing wees nie, maar ook toepassing, vermaning en vertroosting. Dit mag geen katkisasie word nie, maar dit moet wees diens van die Woord.[50] T. Hoekstra stel vyf hoofeise vir Kategismusprediking :

(a) Die Kategismusprediking moet prediking, bediening van die Woord, wees;
(b) Dit moet 'n onderwysende karakter dra en 'n behandeling en verdediging van die leer wees;
(c) Dit moet aktueel gerig wees volgens die nood van die tyd;
(d) Dit moet formeel ingerig wees soos die ander preke (tema, verdeling ens.);
(e) Sistematiese behandeling het die voorkeur.

Daar sal dus voortdurend daarop gelet moet word dat kategismusprediking veral bediening, uitdeling van die Woord van God is en moet die heerlikheid van die Woord sterk deur die Kategismus na vore gebring word. Dit moet nie word tot 'n grammatikale verklaring van die Kategismus nie asof die teks van die belydenis op een lyn moet staan met die teks van die Skrif nie. In die kategismusprediking staan die Bybelse tema sentraal, soos wat dit in die belydenis aan die orde gestel word. Dat die naam van Christus in byna elke Sondagsafdeling genoem word, is van groot betekenis vir die regte verstaan en hantering van die Kategismus. Wie dit nalaat in 'n kategismuspreek om Christus duidelik te verkondig, het die kategismus nie verstaan in ooreenstemming met die Skrif nie. Die doel het hy gemis waarheen die leerboek almal wil bring deur elkeen te herinner aan die Skrif as Gods openbaring in Jesus Christus.[51]

Prof. Haitjema het, in aansluiting by prof. Hoekstra wat in sy Homiletiek gestel het dat die Kategismuspreek net soos 'n preek oor 'n teks, 'n tema en 'n verdeling moet hê, gestel dat dit moeilik is om die stof onder 'n hoof saam te vat en 'n goeie verdeling te vind, maar na oefening, sê hy, kan dit gedoen word. Hy gaan selfs so ver deur 'n kombinasie van sondagsafdelings aan te beveel by 'n enkele preek.[52] Ook dr. K. Dijk stel dat die stof in 'n tema saamgevat moet word en dit in die verdeling uit te werk.[53]

---

50. Dr. K. Dijk, a.w., bl. 410.
51. Prof. dr. L. Doekes, **Het Credo der Kerk in de Heidelbergse Catechismus,** Artikel in „Vierhonderd Jaar Heidelbergse Catechismus", die Kategismus herdenk in 'n landelike samekoms op 19 Januarie 1963 te Amersfoort.
52. **Voor de Prediking II,** bl. 303.
53. Dr. Dijk, a.w., bl. 413.

Hieruit sien ons twee duidelike eise vir hierdie soort prediking naamlik:

(a) Die noukeurige instudering van die hele Sondagsafdeling om daarvan 'n oorsig en 'n heldere insig te kry;

(b) Om dan daarop 'n preek te maak wat inhoudelik en formeel wat byvoorbeeld tema en indeling betref, aan al die eise van 'n goeie, grondige preek voldoen.

Dit is hier waar ons probleme gaan kry wanneer 'n kategismuspreek oor 'n skrifgedeelte of 'n teks gemaak word, waarin dan die bepaalde saak ingevleg of toegelig word. Die metode bring mee dat dikwels die lig op 'n enkele hoofmoment van 'n sondagsafdeling val en sekere onderdele van 'n afdeling nie behandel word nie. 'n Behandeling van die Kategismus ontstaan hierdeur wat nie volgens Dr. K. S. van Wyk de Vries aan alle dogmatiese eise van stelling en uiteensetting van die leer voldoen nie.[54] Prof. B. J. Engelbrecht stel dat omdat die Kategismus so deur en deur aktueel en prakties is, bied die Kategismus self pragtige geleenthede vir preke wat op die man af is en om misstande in 'n besondere gemeente onder die oog te neem. As die prediker self 'n teks sou kies om iemand of die gemeente te belig, dan lyk dit na 'n persoonlike geniepsigheid. Niemand kan volgens hom egter beswaar maak wanneer die Kategismus self hiertoe aanleiding gee nie.[55]

Hieruit stel ons nou dat die kategismuspreek oor 'n hele Sondagsafdeling moet gaan, of selfs oor meer as een sover die tema dit vereis. Verder word net die Sondagsafdeling eenvoudig sistematies uitgelê en word die preek nie oor 'n bepaalde teks of Bybelgedeelte gemaak nie.

(b) *Verduideliking van wat bedoel word in die Sondagsafdeling*

Die Heidelbergse Kategismus spreek direk en aktueel en bring sy boodskap van heil en troos, sonder omhaal van woorde direk op die man af. So begin die eerste vraag dan ook op 'n nugtere wyse. Dit word nie omslagtig nie maar stel kort en saaklik vanuit die evangelie. Die tema en indeling van die eerste Sondag kan ons kry uit die drie trefwoorde in die vraag: „Wat is jou enigste **troos** in **lewe** en in **sterwe**?"

By diepere nadenke kan dit aanleiding gee tot 'n indeling wat die stof van Sondag I tot sy reg sal laat kom.

54. Dr. K. S. van Wyk de Vries, **Deur Bloed Gekoop,** in die Voorwoord.
55. **Kategismusprediking,** 'n Artikel deur prof. B. J. Engelbrecht in die Almanak 1960, bl. 45.

Wanneer die bepaalde Sondagsafdeling uitgelê word, moet die Kategismus se verdeling in sy geheel ook in aanmerking geneem word naamlik:

(1) Die Verlossinggedeelte (geloof en belydenis);

(2) die Wet (waarby inbegrepe die genadeverbond);

(3) en die Gebed.

*Sondag I*

Ds. H. H. Barger in sy „**De Heidelbergsche Catechismus**" 'n hersiene weergawe van O. Thelemann se „**Handreichung zum Heidelberger Katechismus**", vat die eerste vraag in ons Heidelbergse Kategismus netjies saam deur te antwoord: „Mijn eenige troost is, dat ik het eigendom van mijn getrouwen Zaligmaker Jesus Christus ben."[56] Daar is menige illusies oor troos, maar daar is maar een ware troos. Die enigste troos is van die Vader se heil in Jesus Christus en hierdie heil word bely in sy universele karakter. Barger-Thelemann vra:

(a) In watter mate is u eiendom van Christus? Met die liggaam — sterwe;

(b) Hoe het Christus u tot sy eiendom verwerf? Met sy dierbare bloed verlos;

(c) Hoe bewaar hy u as sy eiendom? Hy bewaar my so dat — moet dien;

(d) Hoe verseker hy u van hierdie troos? Hy verseker my deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak my deur die Gees van harte gewillig en bereid, om voortaan vir hom te lewe.[57]

Hier het ons kortliks die omvang van die inhoud van die eerste vraag. Ons sien hieruit dat die troos nie geskied vir bedroefde mense nie, maar almal het hierdie troos nodig in lewe en in sterwe. Dit gaan oor ons enigste troos, nie net troos vir hierdie lewe en hierdie tyd nie, maar ook 'n troos om getroos en gelukkig by te sterwe, 'n troos wat sy betekenis behou ook vir die ewigheid. Ook kan die troos nie deur 'n mens bewerkstellig word nie, want sy vertroosting bring en vermeerder die onrus maar gee die regte troos nie. (I Petrus 11 : 9; Rom. 14 : 18). Jesus Christus het alles volbring en ons verlossing geskied deur sy

56. Barger-Thelemann, **De Heidelbergsche Catechismus**, bl. 1.
57. Idem, bl. 1, 2.

werk. Hy het alles volbring en nie net 'n deel tot stand gebring nie. Dit het Hy gedoen deur:

(A) Volkome met sy eie bloed te betaal. Volgens dr. K. Dijk staan hier die voldoening voorop. Aan Gods reg moet eers satisfaksie geskied en dan volg na die voldoening, die verlossing.[58]

Sy „bloed" is sy hele lyde en sterwe. Dit is „dierbaar" en duur omdat Christus die onskuldigste en voortreflikste offer is. (I Petrus 1 : 18, 19). „Ten volle" is dit sodat ons nie nodig het om nog daar iets by te dra nie (Hebr. 9 : 12). Wie sê dat Jesus alles gedoen het, sê tegelyk genade en genade van God. As Jesus nie alles gedoen het nie, dan moes ons ook nog verdien het. Dan val die troos weg, dan geen rus, vreugde, sekerheid nie, maar angs of dit dan wel genoeg is. Dit geskied ook vir „al my sondes" want geen sonde of getal van sondes is te groot dat Christus se soenoffer nie voldoende sou wees nie. Dit is „betaal" want Hy het deur Sy versoenende lyde aan ons die sekerheid gegee van die wegneming van ons sondeskuld. (I Petrus 2 : 24).

(B) My uit alle heerskappy van die Duiwel te verlos. Die sonde het my onder die heerskappy van die Duiwel gebring sodat ek dienskneg van die Duiwel was, maar nou is ek deur die verlossing van Christus van my sonde verlos en ook bevry van die mag van die Duiwel. (I Joh. 3 : 8; Efese 2 : 3; Rom. 6 : 23; Hebr. 2 : 14, 15).

Ons is „verlos", dit wil sê ons is bevry nie net van ons skuld nie, maar ook van die diensbaarheid van die sonde.

(C) My te verseker deur sy Heilige Gees van die ewige lewe. Nou word ons veilig bewaar en sal:

(i) „sonder die wil van my hemelse Vader geen haar van my hoof kan val nie". Dit is opmerklik dat hier nou juis van hare sprake is. Dit is die deel van die liggaam waarop 'n mens die minste let wanneer dit begin uitval. (Vergelyk Matth. 10:29-31; Vergelyk ook I Thess. 5:23).

(ii) „alles tot my saligheid moet dien". Niks sal ons skade berokken nie, want dit is Hy wat ons bewaar. Alles wat ons sal oorkom is na sy wil. (Vergelyk Rom. 8 : 28).

Vir die gelowige is daar nou verder die versekering dat Christus:

---

58. Dr. K. Dijk, a.w., bl. 425.

(a) nie net vir ons werk nie, maar ook in ons. Hy verseker ons van die ewige lewe, geloofsbewussyn van Sy heil. Hy is getrou en by Hom is ek daarom geborge vir tyd en ewigheid. Sy heilswerk hou stand selfs tot na die uiterste grens van die menslike bestaan, naamlik die dood. Eiegemaakte gevoelsaandoeninge en inbeeldinge gee ons nie sekerheid nie, want dit begeef ons juis as ons die sekerheid nodig het.[59] As ons die sekerheid nie sou gehad set nie, dan ook geen troos nie. (Vergelyk Rom. 8 : 9, 14, 16).

(b) aan ons nie alleen die geregtigheid gee nie, maar ook die heiligheid om voortaan vir Hom te lewe. Na die gebooie van God, vir Hom ter ere, te leef is vir ons dan nie 'n las nie maar 'n lus. Hierdie bewys, dat ons deur Christus verlos is en tot Sy eiendom gemaak is, mag nie ontbreek nie, as ons die enige troos wil smaak wat Hy aan ons gegee het. (Vergelyk Matth. 11 : 30; Ps. 110 : 3). Ek is dan in die „enigste troos" seker dat ek die eiendom van Christus is en dat Hy my eienaar is.[60] (Vergelyk Ps. 73 : 25, 26; Rom. 8 : 38, 39).

Ons belydenis rig ons oog dan nou so op Christus en in Hom op God en laat ons bely : U het dit gedoen, daarom is my heil seker en die sekerheid van my heil lê in die sekerheid van Christus; in die sekerheid van Gods genade.[61]

Dr. K. Dijk wys daarop dat die universele van die liefde van God in Christus daarin uitkom dat Gods kind dit weet deur die versekering van die Gees. Hierdie wete is 'n sekere wete omdat die versekering nie ydel is nie; 'n wete van die geloof, en 'n wete wat die gehele werk van God omvat en geen eensydigheid is nie.

Die belydenis druk dit uit in die drie stukke : ellende, verlossing en dankbaarheid.[62] Volgens prof. dr. Th. L. Haitjema kan ons dit weer soos volg verdeel.

| | | |
|---|---|---|
| A. | Ellende | (a) troosteloosheid; |
| | | (b) vir jouself te lewe; |
| B. | Verlossing | (a) Christus sterwe vir ons; |
| | | (c) vir jouself te sterwe. |
| | | Christus lewe vir ons; |
| | | (c) die troos om sy eiendom te wees. |

59. Barger-Thelemann, a.w., bl. 7.
60. Idem, bl. 1.
61. Dr. K. Dijk, a.w., bl. 425.
62. Idem.

C. Dankbaarheid (a) Ons sterwe met Christus;
(b) Ons lewe met Christus;
(c) Ons vreugdevolle lewe vir Hom.[63]

Hierdie bogenoemde drie stukke is vir ons nodig om te weet, sodat ons in hierdie troos sal kan lewe en sterwe. Dit sal moeilik gaan om aldrie in een preek te behandel, en Haitjema verontskuldig dan ook die predikant as hy dit hoogstens in twee preke sou verdeel naamlik eers ellende en verlossing en dan dankbaarheid.

Wat die eerste stuk betref, moet die mens weet dat as hy uit die ellende van sonde wil kom, hy sal moet erken dat hy in die ellende is en dat dit te groot is vir hom of vir 'n ander mens om hom daaruit te verlos. As hy dit nie besef nie, lewe hy net vir homself en probeer hy om sy menswees in eie hand te hou. Die „vir homself te sterwe" is die noodlottige konsekwensie van 'n menselewe wat tot die uiterste wil toon dat hy sy „eie baas" is.[64]

Die troosteloosheid is van 'n mens wat vir homself lewe en sterwe, wat wanneer hy verdrietig en mismoedig begin word, troos gaan soek, maar dit nêrens vind nie. Die Kategismus stel in vraag en antwoord I dat die troosteloosheid nêrens genees kan word nie, behalwe by Jesus Christus, die enigste Naam deur wie ons salig kan word. Hierdie eerste stuk moet die verlange na verlossing wek. (Matth. 9 : 12).

Hierdie verlossing is alleen te verkry deurdat Christus vir ons gesterf het. Hy die plaasvervangende Heer het in ons plek die vloek van die wet gedra en ons sondeskuld uitgedelg deur dit volkome te betaal. Haitjema beweer tereg dat die bewerkers van antwoord I van ons Kategismus I Petrus 1 : 18 in oënskou moes geneem het.

Christus lewe nou ook vir ons. In Christus se opstanding skuil die plaasvervangende oorwinning van graf, dood en hel in ons plek. Daarom is dit nodig om te weet dat ek 'n Heiland het wat van die krip tot die graf, ja, tot die troon my Heiland is.

Die troos om Christus se eiendom te wees is ons hoogste troos en maak ook die kern van ons Sondagsafdeling uit.

Wat die derde stuk betref, naamlik dié van dankbaarheid, sien ons die drie trefwoorde in vraag I, namlik sterwe, lewe en troos mooi uitgewerk in die belydenis in die drie aspekte :

---

63. Prof. Th. L. Haitjema in **Voor de Prediking,** bl. 306 en in **„De Heidelbergse Catechismus,** bl 17.
64. Prof. Haitjema, **De Heidelbergse Catechismus,** bl. 18.

(a) Ons sterwe met Christus;
(b) Ons lewe met Christus;
(c) Ons vreugdevolle lewe vir Hom.

By die mens is nou die dankbaarheid aanwesig dat die Heilige Gees hom van die ewige lewe verseker.

Volgens Barger-Thelemann sal ons hierdie drie stukke nie net ken nie, dit wil sê dat dit alleen deur die hoof sal geskied nie, maar moet dit 'n saak van die hart ook wees. (Vergelyk Joh. 8 : 17; Ps. 50 : 15).[65]

(c) *Die Verband met die Skrif*

Alleen aan die geskrewe Woord van God ontleen die Kerk die vrymoedigheid om sy credo uit te spreek en dit aan die gemeente te leer. Die Kerk wil niks spreek wat hy self veronderstel nie, maar beroep hom op die leesbare getuienis soos in die Skrif aangedui. Frederik III het dan ook gesê : „Ons Kategismus is nie gegrond op die leer van enige mens nie, maar enkel en alleen op die Woord van God."

In die vorige gedeelte waar Sondagsafdeling I verduidelik is, het ons dan ook gesien hoe sterk dit op die Skrif gegrond is. Reeds in die prinsipiële gedeelte onder die opskrif „Kategismusprediking as bediening van die Goddelike Woord" het ons 'n paar Skriftuurplaatse aangedui waarop Sondagsafdeling I gegrond is. Barger-Thelemann wys as verdere toeligting daarop dat die „drie stukke" op Rom. 7 : 24, 25 gegrond is. Hieruit, sê Barger-Thelemann, is die opskrifte vir die drie dele van die Kategismus geneem. Die indeling ontleen sig aan die gang van die Romeinebrief, waarin die apostel Paulus oor die drie stukke handel. Eers oortuig hy Jode en heidene dat hulle ellendige en verdoemde sondaars is (1 : 18—3 : 21); dan weer hy oor die verlossing deur Christus (3 : 21—11 : 36); Derdens vermaan hy tot dankbaarheid deur 'n Christelike lewenswandel (12 : 1—16 : 27).

Vraag 1 en 2 volgens Barger-Thelemann is die inleiding van die Kategismus, soos wat hoofstuk 1 : 1-17 die inleiding van die Romeinebrief is.[66]

So kan ons al die Sondagsafdelings nagaan en die gronde daarvan in die Skrif naspeur. Op hierdie wyse maak die Heidelberger aan ons duidelik dat die Bybelse Geskiedenis nie koue, objektiewe algemene feite en verloop is nie, maar heilsfeite,

65. Barger- Thelemann, a.w., bl. 10.
66. Idem.

handelinge van God tot my redding en saligheid en daarom tot my troos.[67]

Omdat die Skriftuurplaatse so veelvuldig aanwesig is in 'n bepaalde Sondagsafdeling, kan ons nou 'n vorige argument weer opdiep, naamlik dat die Kategismus nie gepreek sal word na aanleiding van 'n bepaalde teks uit die Skrif nie. Die Kategismusprediking soos ons gestel het, probeer om die leer by die gemeente tuis te bring. Dit vat sekere waarhede soos in die Skrif aangedui netjies saam in een antwoord. Dit wil die hoofsake vir ons uit die Skrif duidelik toelig deur dit in 'n kort en maklik verstaanbare vorm aan te bied. Daarom, omdat 'n Sondagsafdeling op verskeie gedeeltes uit die Bybel gegrond is, sal teksprediking nie reg laat geskied aan talle ander gedeeltes uit die Heilige Skrif nie. Daar kan saamgestem word dat ons wel tekste sal vind wat bykans 'n afdeling omvat, maar dit sal nie geld vir alle Sondagsafdelings nie. Daarom, omdat die predikant kennis daarvan dra dat die Sondagsafdeling op die Skrif gegrond is en hy self die gedeeltes in die Skrif waarop dit gegrond is nagegaan het, kan hy met vrymoedigheid die Sondagsafdeling uitlê en sodoende die leer in sy logiese samehang aan die gemeente verduidelik.

Hierdie gedeelte kan afgesluit word deur die woorde van prof. dr. Th. L. Haitjema te gebruik. „De bewoording van den Heidelbergse Catechismus zijn over het algemeen zóó bij de Heilige Schrift gebleven, dat het voor een dienaar des Woords niet overdreven moeilijk zal zijn dit instrument van een kerkelijk leersymbool zóó te bespelen, dat de volle, diepe accoorden der Woord-verkondiging gaan klinken."[68]

(d) *Aanwysing van die besondere betekenis vir die gemeente vandag*

By 'n lewendige, goed-gefundeerde, eg-reformatoriese kategismusprediking baat die gemeente. Wanneer 'n Sondagsafdeling sistematies uiteengesit word om sodoende die leer van die Kerk betreffende 'n bepaalde hoofsaak aan die gemeente bekend te maak, bring dit nie net kennis by die lidmaat tuis nie, maar geskied dit tot opbou en tot stigting van die gemeente. Die leerdiens wat 'n voortsetting van die kategese is en 'n koördinasie van katkisasie en preek is, help nie alleen die predikant van die gemeente in sy werk nie, maar bring hom ook daartoe om duidelik saaklik en verstaanbaar, en nie op formele wyse nie, katege-

---

67. Prof. B. J. Engelbrecht, 'n Artikel in die Almanak, 1963, bl 46.
68. Prof. Haitjema, **Voor de Prediking II,** bl. 298.

tiese leerstof in die gemeente te bring. Wanneer 'n lidmaat in die gemeente goed onderlê word in die leer van die Kerk aangaande die waarheid, bou so 'n lidmaat weerstand op teen alle dwaalleer en misverstaan van die Heilige Skrif. Terselfdertyd, wanneer 'n bepaalde Sondagsafdeling deur 'n predikant goed duidelik gemaak word met sy besondere verband met die Skrif, kan die lidmaat die duidelike fundering van die leer van die kerk op die Skrif te wete kom en is hy bestand teen aanvalle van buite op die leer van die Kerk.

Soos in die prinsipiële gedeelte gestel, het die leerprediking net soos die prediking na aanleiding van 'n teks ten doel om die gemeente op te bou. Soos reeds daarop gewys is, sal die kategismusprediking ook die aspekte van vermaning en troos moet bevat om ware prediking te wees. Juis hierdie aspekte is netjies in ons Kategismus uitgewerk en het alleen ten doel om reg aan die Skrif te laat geskied en om die gemeente op te bou.

Sektes en dwaalleringe ontstaan uit die misverstaan van die Skrif. Die prediking van die Kategismus oor 'n bepaalde Sondagsafdeling het ten doel om die logiese samehang van die leer van die Kerk aan lidmate duidelik te maak. Wanneer lidmate nie in hierdie leer goed onderlê is nie en dus die Skrif nie in sy samehang verstaan nie, word die Skrif uit verband gepluk deur op afsonderlike tekste argumente te grond. Die leerdiens aangaande sekere hoofsake in die Skrif soos in die Sondagsafdeling uiteengesit, het juis ten doel om alle dwaalleer te bekamp en duidelike riglyne aan te dui.

Die kategismusprediking het ten doel om die hoofsake in die Skrif aan die gemeente bekend te maak en aan te dui die besondere betekenis wat dit vir elke lidmaat inhou. Daarom skakel dit outomaties die deur-predikante-opgediste pragtige verhaaltjies wat geen blywende betekenis het nie en per slot van sake geensins tot opbou van die gemeente strek nie, uit, want hierdie manier van prediking verduister die Skrif net meer omdat dit meer antroposentries gerig is en nie hoofsaaklik vanuit die Skrif geskied nie. 'n Voorbeeld van die proses is die agtiende en negentiende eeu toe die kategismusprediking op die agtergrond geraak het.

Wanneer die binding tussen prediking en belydenis afgesny word, dan word die suiwere verkondiging van Gods Woord so dikwels verruil vir allerlei menslike belewenisse, ervaringe, estetiese gevoelens, spekulatiewe wysbegeerte en sensasionele nuwighede. Op hierdie wyse word die heilswaarhede nie aan lidmate bekend gemaak nie en bly hulle onkundig aangaande die

dinge wat alleen vir hulle tot heil kan strek. Laasgenoemde het die kategismusprdeiking ten doel.

## Die Sin van Kategismusprediking

*Die noodsaak van deurlopende prediking wat betref:*

(i) *Die Organiese verband van die Evangelie*

In die Ned. Hervormde Kerk word gepreek volgens die kerklike jaar. Dit is sinvol in die sin dat die gemeente die opeenvolgende heilshandelinge van God tewete kan kom, en dit in die bestek van 'n jaar. Sinvol kan dit nie wees wanneer die een Sondag byvoorbeeld oor die kruisiging gepreek word en die daaropvolgende Sondag oor die geboorte van Jesus nie. So is dit ook met die prediking van die Heidelbergse Kategismus. Die Heidelbergse Kategismus, om dit sinvol in die gemeente te preek, sal van die eerste tot die laaste Sondagsafdeling agtereenvolgens gepreek moet word. Nou weet ons dat die Heidelberger nie so streng fisiek sistematies uiteengesit is nie, maar leerstellig is dit baie netjies sistematies uiteengesit. Daarom al ook hierdie prediking sinvol wees wanneer die Sondagsafdelings agtereenvolgens behandel word om die gemeente goed te onderlê in die leer van die kerk aangaande die Waarheid in die Skrif vir ons weergegee.

In hierdie verband sal weereens betoog gelewer moet word dat daar ten minste eenmaal per Sondag kategismusprediking sal plaasvind. Wanneer slegs 12 maal per jaar Kategismus gepreek word, kies die predikant vir hom twaalf Sondagsafdelings uit en daaroor word dan gepreek. Op hierdie wyse dien kategismusprediking geensins sy doel nie en doen dit afbreuk aan dit wat deur die opstellers van die Kategismus beoog is. Op hierdie manier sal dit tussen vier en vyf jaar neem voordat die Heidelberger deurgepreek is, wat kwalik kan beantwoord aan die doel dat die gemeente opgebou sal word. Soos dit met die prediking volgens die kerklike jaar die geval is, behoort die Kategismus ook in twee-en-vyftig Sondae eenmaal deurgepreek te word waartoe die twee-en-vyftig Sondagsafdelings hulle dan ook leen.

Deur die Kategismus eenmaal per jaar deur te preek, begryp die gemeente die duidelike samesang van die drie begrippe soos wat dit ook uit die Skrif afgelei word naamlik :

(1) Dat die mens 'n ellendige wese is, nie in staat om homself te verlos nie;
(2) Dat die verlossing tog vir die mens bewerkstellig is deur

die kruisiging en opstanding van Christus;

(3) Dat daar dankbaarheid by die mens vir hierdie heilsdaad moet wees.

(ii) *Die logiese samehang van die leer van die Kerk*

Besware word vandag nie net van buite die Kerk nie, maar ook van binne geopper teen die leer van die Kerk en die verkondiging daarvan. Skriftuurlik kan ons hierdie besware die nek inslaan. In die Skrif staan daar baie dinge ondubbelsinnig vas. Dit word geleer en daar word iets oor geleer. Enkele punte kan genoem word : Daar word iets oor die Drie-Eenheid geleer, oor skepping en voorsienigheid, oor ons val in sonde en God se soewereine genade, oor Christus se vleeswording en maagdelike geboorte ens. Hierdie gegewens word reeds in die Skrif deurlig. Hier het ons sake wat intellektuele aandag verg. In die Skrif is daar sprake van die „gesonde leer" wat teenoor ander leer staan (I Tim. 1 : 10) en verklaar Paulus van die ouderling dat hy in staat moet wees „om met die gesonde leer te vermaan sowel as om die teëspreker te weerlê."

Ds. Volten stel dat Paulus onder aandrang van die Heilige Gees diep oor die Waarheid nagedink het. Toe het sy brief aan die Romeine tot stand gekom en so die leer, die Bybelse leer, die evangeliese leer.[69]

Dit gaan om die Heer, Sy persoon en werk, maar wat Hy is en hoe dit vir ons tot heil strek, word weergegee en in ons begrippe oorgebring. Die Bybel is 'n ryk en veelomvattende boek waarin ons as gelowiges spoedig kan verdwaal. Die belydenis, die leer, probeer om soos K. Barth Christus daar te stel. Dit gaan dus in die Christelike leer om die samevatting van die grondlyne en hoofpunte soos in die Skrif weergegee.[70] Om Jesus Christus as die Gekruisigde te bely, hou nog nie in dat ons die sewe kruiswoorde in tradisionele ry kan noem nie. Wat die details is wat ons bely, is nie so belangrik as dat ons die besef daarvan het wat die inhoud is wat ons bely nie.

So spreek die Kerk in sy leer die Skrif na en is hierdie leer, hoe korrigeerbaar ookal, die rigtinggewende woord wat oor waarheid en dwaling oordeel. Hierdie leer, aan verandering onderhewig, maar nou as die rigtinggewende woord, word in ons Kategismus uiteengesit met die doel om die lidmaat die Skrif in sy logiese samehang te laat verstaan. 'n Christen wat deur

69. Ds. Volten, a.w., bl. 9.
70. K. Barth, a.w., bl. 12.

die Kategismusprediking die samehang van die leer verstaan het, van die heilsgedagtes van God wat in die Skrif geopenbaar is, sal sonder twyfel met meer vrug en stigting die prediking na aanleiding van 'n teks bywoon.[71] Trillhaas vra, hoe 'n gemeente kan bely en sy geloof kan „praktizieren", as dit nie in die leer gegrond is nie.[72]

Dit is van die grootste belang dat die predikante genoop sal voel tot besinning oor en behandeling van die gehele leer van saligheid in sy samehang en hulle dus beywer om die Kategismus van voor tot agter deur te werk en dit in die gemeente te verkondig.

Die kategismusprediking wat sig daarvoor beywer om die Christelike leer in die gemeente tuis te bring, is een van die allervernaamste afweermiddels teen die insluiping van alle vreemde onbybelse gedagtes en praktyke in die prediking, in die teologie en in die kerklike lewe.[73] As daar nie 'n binding tussen prediking en belydenis is nie, word die prediking maklik uitgelewer aan persoonlike smaak wat uiteindelik uitloop op sensasionele preke. Die Kategismus het vier eeue gedien as 'n riglyn vir die leer van die kerk en as baken om die prediking van die kerk binne die veilige vaarwater van die suiwer Bybelse leer en belydenis te hou. Dit het die Kerk bewaar van baie dwaalleringe, twis en skeuring.[74] In hierdie verband sê dr. K. Dijk dat die bestryding van dwaalleer diens van die Woord bly (Tit. 1 : 9).

Konkluderend kan gesê word dat die leer van die Kerk 'n klaar uitgewerkte antwoord is aan alle dwaalleringe, aanvalle op die Kerk en sektariese neigings. Nodig is dit nou nie meer vir 'n lidmaat om in die Skrif rond te gaan soek na tekste wat een of ander dwaalleer kan weerlê nie. Die kategismusprediking is daar om hierdie antwoord aan ons duidelik te maak.

### (iii) *Die skoling van die gemeente in sinvol samehangende denke en lewe op grond van die Woord*

Die prediking beoog om die lidmaat tot 'n regte en lewende verstaan van die Bybel te lei; dit is presies dieselfde wat ook in die kategese geld. Die vorm verskil nou wel, maar die saak is dieselfde. Die kategismusprediking katkiseer geheel die gemeente in die Skrif. Hier val die klem sterk op die kategetiese deel, op

71. Prof. Th. L. Haitjema, **Voor de Prediking,** bl. 293.
72. Dr. W. Trillhaas, a.w., bl. 71.
73. Prof. B. J. Engelbrecht, Artikel in die Almanak 1960, bl. 38.
74. Prof. B. J. Engelbrecht, Artikel in die Almanak 1963, bl. 46,

die leer van die Kerk, maar dit bly nog alles Skriftuurlik gegrond en spreek vanuit die Skrif. Maar in die erediens, of dit nou kategismusprediking of teksprediking is, word die gemeente Bybels gekatkiseer en is daar dus 'n kategetiese moment in alle prediking. Katkisasie en preek soos ons reeds gesê het, word dus gekoördineer en dit veral in die kategismusprediking. So word op die wyse kategetiese leerstof in die gemeente ingebring en word die gemeente onderrig in die hoofsake van die Heilige Skrif. Dit, soos ons reeds gesê het, maak die lidmaat weerbaar teenoor alle vorme van dwaalleer en ook verleiding van sekere aanloklike geestesstrominge. In hierdie verband kan ons saam met prof. Haitjema vra: „Hebben wij het thans, als belijdende Hervormden, niet noodig dagelijks beter te leeren, wat het zeggen wil het Protestantsche geloof aan te hangen, om maar niet te spreken van de noodzaak, onze Protestantsche, Gereformeerde positie telkens weer en telkens nauwkeuriger te bepalen te midden van allerlei geestelijke stroomingen onzes tijds, die wel niet Roomsch zijn, doch dan toch op andere wijze tot dwaling trachten te verleiden?"[75]

Die kategismuspreek moet die gebrek aan kennis van die Bybelse boodskap onder die gemeentelede uit die weg ruim. Elke gelowige moet ten volle op hoogte wees met die kerklike leer en medeverantwoordelikheid dra. Die groot afstand tussen „geestelikes" en „leke" moet verdwyn kragtens die reformatoriese grondbeginsel van die algemene priesterskap van die gelowiges.[76]

Die skoling van die gemeente het tot gevolg die vorming van ortodokse gelowiges. Wanneer die Skrif reg geïnterpreteer word soos wat ons belydenis of leer dit trag na te praat, dan het dit alleen tot gevolg die regte geloof. Geloof en leer hang ten nouste saam, want wanneer die leer 'n valse leer is, dan kan daar ook nie reg geglo word nie. Die geloof is wel deur die Heilige Gees ons toebedeel, maar nie sondr dat ons kennis aangaande Gods openbaring, soos in die Skrif opgeteken, het nie.

Verder verstaan ons onder ortodoksie, die regte lofprysing. Dit gaan vir die Christen daarom dat God geprys word. Die Christen is die verlossing en die ewige lewe deelagtig. Daarom prys hy God. Omdat die gemeente nou weet wat die hoofsake in die Skrif is en hoe dit vir elke lidmaat tot heil strek, kan hy God in dankbaarheid reg prys. Hierdie lofprysing kan daarom eers geskied wanneer die lidmaat weet waarom dit in die lofprysing gaan. Met ander woorde, wanneer die lidmaat eers die

---

75. Prof. Th. L. Haitjema, **Voor de Prediking,** bl. 295.
76. Dr. R. Bijlsma, **Kleine Catechetiek,** bl. 279.

heilshandelinge van God soos in die Skrif opgeteken en logies in die belydenis saamgevat, te wete gekom het, dan eers kan die regte lofprysing gebore word.

**Praktiese Konklusies**

(i) *Elke Sondag*

Die kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk bepaal dat minstens twaalf keer per jaar uit die Kategismus gepreek sal word. Konkluderend uit wat reeds gesê is, sal egter meermale uit die Kategismus gepreek moet word. Daar is op gewys dat om slegs 12 keer per jaar Kategismus te preek, heeltemal onvoldoende blyk te wees. Omdat die Heidelberger in twee-en-vyftig sondagsafdelings ingedeel is en dit nie sonder rede geskied het nie, sal daarvoor gepleit moet word dat dit dan indien daar enige grondige besware ingebring word, in minstens twee jaar deurgepreek sal word. Dit wil sê dat al om die tweede Sondagaand uit die Kategismus gepreek sal word. In hierdie verband kan ons aanhaal wat prof. B. J. ngelbrecht hieroor gesê hêt: „Die predikant sal minstens ses-en-twintig keer per jaar op agtereenvolgende Sondagaande aan die hand van en in die volgorde van die Heidelbergse Kategismus Gods Woord verkondig, sodat die Kategismus minstens een maal elke twee jaar ten volle in die prediking uitgelê sal word." Hy stel dat op hierdie wyse alle oggenddienste vrygelaat is terwyl net die helfte van die aanddienste vir die onderywsing van die gemeente in die suiwer-reformatoriese leer en vir die binding van die prediking aan hierdie leer en belydenis, voorsiening maak.[77]

---

(ii) *Middel ter voorkoming van kerkvervreemding en onkunde aangaande die leer van die kerk*

In die praktyk hoor en sien 'n mens dikwels dinge wat getuig van skokkende onkunde en verwording in verband met ons reformatoriese leer en belydenis. Daarom is die kategismusprediking vandag net so noodsaaklik as in die tyd van die Kerkhervorming. Waar dit in die tyd van die Kerkhervorming gegaan het om die lidmate op te voed en te onderrig in die leer van die Kerk om hulle sodoende weerbaar te maak teen Roomse aanvalle, so is die kategismusprediking vandag ook nodig om kennis aangaande die leer van die Kerk by lidmate tuis te bring en hulle weerbaar te maak teen allerlei verleidinge, dwalinge en sektariese strome wat vandag die bestaande Kerk bedreig.

---

77. Prof. B. J. Engelbrecht, Artikel in die Kerkalmanak, 1960, bl. 46.

Lidmate is onkundig in die leer van die Kerk en weet nie waarom dit in hoofsaak gaan nie. Die kategismusprediking het ten doel om hierdie leemte te vul en slaan in dieselfde moment allerlei neigings die nek in, neigings soos byvoorbeeld die moderne humanisme en die Social Gospel. Die kategismusprediking is Woordverkondiging en het geen ander doel as om die heil van die mens in Christus te verkondig nie. Daarom is dit ook geensins antroposentries gerig soos dikwels ten onregte beweer word nie. Dit spreek die Woord van God na en probeer om dit terselfdertyd te laat spreek.

Omdat die Kategismus so direk op die man af is sonder veel omhaal van woorde, daarom word dit maar liewer gelaat en kry die tekprediking, wat nie so gebonde is nie, die voorkeur. Dit is dan wanneer persoonlike smaak seëvier en die prediker maklik in een of ander groef mag beland wat dalk die voorloper van een of ander nuwerwetse neiging mag wees.

(iii) *Die noodsaak van studie vir die predikant*

Die Heidelberger het vir eeue die Kerk bewaar van baie dwaalleringe, twis en skeuring.[78]

Daarom is dié belydenisgeskrif van groot waarde by die opleiding van predikante in die regte en suiwere Bybelse leer.

Eers in die praktyk van die evangelie-bediening kry die meeste predikante hulle waardevolste skoling in die leer omdat die voorbereiding vir die kategismuspreek hulle daartoe dwing.[79]

Die kategismusprediking stel dan ook hoë eise aan die prediker. 'n Sondagsafdeling moet noukeurig bestudeer word totdat die kern duidelik is. Vanuit hierdie duidelike kern, die tema, moet hy dan 'n preek maak wat voldoen aan alle eise van 'n goeie preek, 'n preek as diens van die Woord.

Elke preek oor die Kategismus verg baie studie, maar terselfdertyd word die predikant goed dogmaties geskool in die leer van die Kerk wat natuurlik uiters belangrik is, ook wat die tekprediking betref.

Wanneer nou meermale in die jaar Kategismus gepreek word, dan soveel meer studie aangaande die heilswaarhede in hulle logiese samehang. Dit kan nie anders as om predikante deur hierdie streng binding en selfdissipline dieper insig en wyer uitsig te laat verkry in die dinge wat werklik vir die Kerk uiters belangrik is nie.

---

78. Prof. B. J. Engelbrecht, Artikel in die Kerkalmanak, 1963, bl. 46.
79. **Voor de Prediking,** bl. 296.

Daarom blyk dit dat die Heidelbergse Kategismus tog een van die vernaamste bronne en riglyne in die dogmatiese vorming van toekomstige predikante is.

(iv) *Die opbou van die gemeente*

Wanneer die Kategismus nie 'n skoolse uiteensetting van die leer is nie en die klem dus hoofsaaklik op die didaktiese val nie, maar dat dit evangelieverkondiging in die vorm van 'n preek is soos die teksprediking, dan bereik hierdie prediking ook sy doel, naamlik die opbou van die gemeente.

Hierdie prediking het geen ander doel as om die gemeente te onderrig en op te voed in die dinge wat die Skrif vir ons wil sê nie, met ander woorde die kategismusprediking is geen doel op sigself nie, maar dit wil „die waarheid van die belydenis in die lig van die Skrif laat skitter.[80]

Die wese van die kategismusprediking is diens van die Woord en niks anders nie en daarom kan ons die kategismusprediking sien as die oikodomé van die gemeente.

80. Prof. B. J. Engelbrecht, Artikel in die Kerkalmanak, 1960, bl. 44.